

Die “Woord” van God!

Leef elke dag saam met Jesus!



Mat 5:3 Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

Joh 14:21 Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.



'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN



N Oproep om God te prys

Psa 100:1 'n Psalm. By die lofoffer. Juig voor die HERE, o ganse aarde!

Psa 100:2 Dien die HERE met blydschap; kom voor sy aangesig met gejubel.

Psa 100:3 Erken dat die HERE God is: Hy het ons gemaak, en ons is syne, sy volk en die skape van sy weide.

Psa 100:4 Gaan sy poorte in met lof, sy voorhowe met lofgesang; loof Hom, prys sy Naam.

Psa 100:5 Want die HERE is goed; sy goedertierenheid is tot in ewigheid, en sy trou van geslag tot geslag.



- Waarom aanbidding?
- Aanbidding is tot God gerig, ons aanbid nie om te ontvang nie maar om n lofoffer aan God te gee.
- Aanbidding is n offer uit die hart. N Offer wat uitgedruk moet word deur verwondering, lofprysing, blydschap en danksegging.
- Aanbidding is n liefdesverklaring as gevolg van n verhouding met God (Ons erken dat God ons God is, ons is syne)
- By aanbidding moet daar n ontmoeting wees tussen God en Sy mense (Ons gaan hier Sy voorhowe in – Op die plek kom waar ons n ontmoeting met God kan he)
- Ons as God se mense moet weet dat ons liggame tempels is van die Heilige Gees, waarin daar gereeld aanbidding moet plaasvind, maak nie saak waar ons beweeg of onself bevind nie God wil altyd aanbid word – en God wil he, ons moet weet dat Sy goedheid vir ewig is en dat Hy getrou sal bly van geslag tot geslag vir die vir wie Hy n God is.



Weer Gebore / Wedergeboorte / Wedergebore

Die term "WEDERGEBOORTE", verwys na:

1. Die hoop op opstanding tot (ewige) lewe (die hoop om opgewek te word tot lewe, net soos Jesus opgestaan het uit die dood) (1 Pet. 1:3);

1Pe 1:3 Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die **wedergeboorte** geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode,

2. Jesus verwys ook na "die wedergeboorte" as die tyd van Sy wederkoms wanneer Hy op Sy heerlike troon sal gaan sit... (Matt. 19:28);

Mat 19:28 En Jesus sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die **wedergeboorte** wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel.

3. Dit wys ook op 'n nuwe lewe (die bad van die doop)(afwassing van sondes)(opstaan in 'n nuwe lewe, om nie meer die sonde te dien nie, maar nou die Here te dien) (Tit. 3:5).

Tit 3:5 nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die **wedergeboorte** en die vernuwing deur die Heilige Gees

'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN





Weer Gebore / Wedergeboorte / Wedergebore

Die wat "WEER GEBORE" is, is die wat:
"UIT GOD GEBORE IS".
(Joh. 3:3-8; 1 Pet. 1:23)

Joh 3:3 Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie **weer gebore** word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.

Joh 3:4 Nikodémus sê vir Hom: Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie?

Joh 3:5 Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie **gebore** word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.

Joh 3:6 Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees.

Joh 3:7 Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet **weer gebore** word nie.

Joh 3:8 Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is.

1Pe 1:23 want julle is **wedergebore** nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly.

'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN



Weer Gebore / Wedergeboorte / Wedergebore

Iemand word "weer gebore" wanneer:

(1) sy sondes afgewas word, en

(2) hy die Gees van God ontvang

- dan is hy 'n kind van God (gebore uit God).

- Iemand se sondes kan slegs afgewas word as hy tot **bekering** kom;

- en dit is slegs die wat Hom gehoorsaam, en bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, wat die Gees ontvang



'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN

Weer Gebore / Wedergeboorte / Wedergebore



DIE PERSOON WAT "WEER GEBORE" IS (uit God gebore is), IS NIE MEER ONDER DIE MAG VAN DIE BOSE IS NIE - HY DIEN NIE MEER DIE SONDE NIE, MAAR DIEN NOU DIE HERE.

NIEMAND KAN IN DIE KONINKRYK VAN GOD INGAAN AS HY NIE WEER GEBORE IS NIE.

Baie mense sien "bekering" en "wedergebore" as dieselfde, maar alhoewel bekering nodig is om die wedergeboorte deelagtig te raak, moet ons verstaan dat die begrip "bekering" nie verwys na "weer gebore" self nie. Bekering gaan oor: "om te bekeer tot die Here": -*"bekering van dooie werke", "bekering van afgode", en "bekering van die manier hoe iemand dink"* - (dan word hy "deur die water" skoongewas van sonde - l.w. dat hierdie "water" gedeelte een van die twee elemente is wat Jesus noem in Joh. 3:5, wat nodig is om te kan ingaan in die koninkryk van God). Om gewederbaar te word, het iemand dus vergifnis van sondes nodig, maar hy kan slegs vergifnis van sondes ontvang wanneer hy hom **bekeer**, en hy kan ook eers verklaar dat hy 'n kind van God is, as hy die Gees van God het (wat die tweede element is van "om weer gebore te word").

'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN



Weer Gebore / Wedergeboorte / Wedergebore



Die eerste element van "om weer gebore te word", is die "water":

(Joh 3:3) Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.

(Joh 3:5) Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit **water** en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.

(Joh 3:6) Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees

(Joh 3:8) Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is.

Die Christelike doop (die water-gedeelte), wys op "**vergifnis van sondes**", en wys ook op 'n "**nuwe lewe**" (in die sin, dat die persoon nie meer die sonde dien nie, maar nou die Here dien); en verwys ook na die hoop op "opstanding tot lewe" (verheerlikte liggaam - ewige lewe).





Weer Gebore / Wedergeboorte / Wedergebore

Die tweede element van "om weer gebore te word", is die "Gees":

Iemand wat nie die Gees van God het nie, is nie 'n kind van God nie - m.a.w. nie gebore uit God nie!:
(Joh 3:6) Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees.

DAAROM KAN NIEMAND " 'N KIND VAN GOD " WEES AS HY NIE DIE GEES VAN GOD HET NIE!

(Ef. 2:18) want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader.

(Ef. 2:19) So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God,

(Rom 8:14) Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.

(Ef. 1:13) in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte,

(1Jn 3:24) En hy wat sy gebooie bewaar, bly in Hom, en Hy in hom. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly aan die Gees wat Hy ons gegee het.

'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN





Weer Gebore / Wedergeboorte / Wedergebore

Die tweede element van "om weer gebore te word", is die "Gees":

(Gal 5:16) Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie;

(Gal 5:17) want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie.

(Gal 6:8) Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai.

(Hand. 5:32) En ons is sy getuies van hierdie dinge, en ook die Heilige Gees wat God gegee het aan die wat Hom gehoorsaam is.

(1Kor. 6:19) Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan juiself behoort nie?

'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN





Weer Gebore / Wedergeboorte / Wedergebore

Die tweede element van "om weer gebore te word", is die "Gees":

(Ef. 4:30) En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing.

(1Jn 4:6) Ons is uit God; hy wat God ken, luister na ons; hy wat nie uit God is nie, luister nie na ons nie. Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling.

(1Jn 4:2) Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God;

(Gal 5:16) Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie;

(Gal 5:17) want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie.



Weer Gebore / Wedergeboorte / Wedergebore

SKIRFTE OOR "WEDERGEBORE/WEDERGEBOORTE":

(1Pe 1:23) want julle is **wedergebore** nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly.

(1Pe 1:3) Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die **wedergeboorte** geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode,

(Mat 19:28) En Jesus sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die **wedergeboorte** wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel.

(Tit 3:5) nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die **wedergeboorte** en die vernuwung deur die Heilige Gees

'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN





Weer Gebore / Wedergeboorte / Wedergebore

SKRIFTE OOR "UIT GOD GEBORE":

(1Jn 5:1) Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, **is uit God gebore**; en elkeen wat die Vader liefhet, het ook die een lief wat uit Hom gebore is.

(1Jn 5:4) Want alles wat **uit God gebore** is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof.

(1Jn 3:7) My kinders, laat niemand julle mislei nie: wie die geregtigheid doen, is regverdig soos Hy regverdig is.

(1Jn 3:8) Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek.

(1Jn 3:9) Elkeen wat **uit God gebore** is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore.

(1Jn 3:10) Hierin is die kinders van God en die kinders van die duiwel openbaar: elkeen wat die geregtigheid nie doen nie, is nie uit God nie, en hy ook wat sy broeder nie liefhet nie.

'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN





Weer Gebore / Wedergeboorte / Wedergebore

SKRIFTE OOR "UIT GOD GEBORE":

(1Jn 4:5) Hulle is uit die wêreld; daarom praat hulle uit die wêreld, en die wêreld luister na hulle.

(1Jn 4:6) Ons is uit God; hy wat God ken, luister na ons; hy wat nie uit God is nie, luister nie na ons nie. Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling.

(1Jn 4:7) Geliefdes, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet, is **uit God gebore** en ken God.

(1Jn 4:8) Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde.

(1Jn 4:9) Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe.

(1Jn 5:17) Alle ongeregtigheid is sonde, en daar is 'n sonde wat nie tot die dood is nie.

(1Jn 5:18) Ons weet dat elkeen wat **uit God gebore** is, nie sondig nie; maar hy wat uit God gebore is, bewaar homself, en die Bose het geen vat op hom nie.

(1Jn 5:19) Ons weet dat ons uit God is en die hele wêreld in die mag van die Bose lê.

(1Jn 2:29) As julle weet dat Hy regverdig is, dan weet julle dat elkeen wat die geregtigheid doen, **uit Hom gebore** is.

(Joh 6:63) Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe.

'n GEMEENTE VAN GOD MET JESUS CHRISTUS AS HOEKSTEEN

